

DIE NUWE TEOLOGIE—ALLEEN NEGATIEF OF OOK POSITIEF TE BEOORDEEL?

DR. D. J. SMITH

Die nuwe gedagterigtings in die teologie hou al vir etlike jare lank die aandag van dogmatici gevange. Daar is by min geleentheid in die geskiedenis van die dogmatiek so baie geskryf oor 'n nuwe wending in die teologie (ons praat van 'n nuwe wending om die rede dat hoe groot die verskeidenheid van gedagtes by die verskillende teoloë ookal mag wees, daar tog 'n oorkoepelende gedagteklimaat aangedui kan word). Daar is al verskeie benaminge gebruik om hierdie „vernuwende“ wending in die teologie onder 'n oorkoepelende naam tuis te bring. Daar word onder andere gepraat van die nieu-modernisme, van die vernuwingsteologie en die Nuwe Teologie. Prof. B. J. Engelbrecht, aan wie hierdie bundel opgedra is, gebruik die benaming Nuwe Teologie. Hy het 'n waardevolle bydrae gelewer tot ons insig in die dogmatiese aspekte van die Nuwe Teologie.¹⁾ 'n Opvallende kenmerk van sy artikels is die gawe om in enkele bladsye 'n saak waaroor dikwels in boekdele vol uitgewy word, saam te vat. Hierdie artikel wat volg wil 'n klein blyk van erkenning wees vir sy werk in die verband.

Wanneer ons dan oor die Nuwe Teologie praat, is daar een saak wat baie opvallend is. Dit is die hewige reaksie wat die teologie by die teenstanders daarvan uitlok. Die reaksie is byna deur die bank afwysend, want die Nuwe Teologie kom nie net met 'n afbraak van die tradisionele geloofsleerstukke van die kerk van die Hervorming nie, maar inderwaarheid van die hele dogmatiese tradisie insluitende die van die Rooms-Katolieke kerk. Die Nuwe Teologie staan so 'n ingrypende verandering in die teologiese opset voor dat dit te verstaan is dat daar baie negatiewe kritiek uitgelok sal word. Daarby is die hele aanslag van die gedagterigting so negatief en afbrekend dat 'n mens vanuit die tradisioneel konserwatiewe standpunt wonder of daar enigsins iets opbouends van dié gedagterigting gesê kan word. Is die naaste wat ons aan positiewe opmerkings kan kom, nie dalk die uitspraak van prof. dr. K. Runia²⁾ nie waar hy daarop wys dat hierdie rigting wat hy die „nieuw-Modernisme“ noem, van die ou vrysinnigheid daarin verskil dat dit nie meer so optimisties is oor die wese en situasie van die mens nie en selfs openlik praat van die nood en vervreemding as kenmerke van die mens se lewe en so ook van sonde en sondeval? Maar dan wys hy

¹⁾ Ons verwys na twee artikels wat in die Hervormde Teologiese Studies verskyn het: **Die antwoord en taak van die kerk ten opsigte van sekularisasie** in die Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 24, Afl. 3 en: **Hedendaagse krisispunte in die teologie** in die Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 23, Afl. 1.

²⁾ K. Runia, **Religie zonder God. Confrontatie van nieuw-modernisme en oecumenisch geloof**, Kampen 2 j., blz. 72V.

dadelik weer daarop dat dit net maar skyn is omdat hulle net aan die uiterlike woordgebruik van die tradisionele dogmas vashou deur dit alles tot 'n simbool te maak, en as 'n blote simbool (ons kan ook sê mitologiese uitspraak) gee hulle aan die dogma 'n heeltemal nuwe inhoud sodat God se verlossingsdaad in Christus van sy unieke objektiewe betekenis beroof word, aldus Runia.

Na die inhoud van hulle uitsprake beoordeel, skyn dit die verste te wees wat ons kan gaan met opbouende uitsprake oor die Nuwe Teologie. Die doel van hierdie artikel is om in breë trekke na te gaan of daar tog nie wel positiewe aspekte van die Nuwe Teologie is waaraan meer aandag gegee kan word nie. Is daar nie positiewe elemente wat uitgebou kan word nie? Die doel is dan nie om 'n detail uiteensetting van die fynere punte in hierdie teologie te gee nie, maar om aan die hand van die breë gedagtegang wat in verskillende studies al deeglik uiteengesit is, op enkele belangrike aspekte te wys.

By nadere studie is dit baie duidelik dat die Nuwe Teologie nie sommer uit die lug geval het nie, maar enersyds gekom het met 'n nuwe benadering tot die bestaande kritiek op sommige leerstellings wat deur die jare heen steeds aangeveg is. Andersyds is dit gebou op die waarneming van sekere dinge wat die geloof en geloofsleer raak waaraan die kerk óf nie die nodige aandag gegee het nie deur dit byvoorbeeld as vanselfsprekend te aanvaar (so met die bestaan en werklikheid van God) of byvoorbeeld verwaarloos het (soos die geval was met die eskatologie), óf dinge wat die kerk miskien nie opgemerk het nie (soos met die sekularisasie en die gaping wat dit gebring het tussen die moderne mens se lewens- en wêreldbeskouing en die inhoud van dit wat in die prediking aan daardie mense gebring word). Daarby is dit ook so dat die teologie en prediking hom al die jare met die dinge van God en die ewige lewe besig gehou het, ons kan sê „hemelgerig” was. Die aardsmenslike lewe is as van minder belang beskou. Die Nuwe Teologie het hierin 'n leemte gesien en die geleentheid aangegryp om alle aandag op die mens en die aardse lewe te rig. Hulle het volkome aardsegerig en mensgerig geword.

Soos ons die saak sien, is dit wel waar dat daar weinig, indien enige, positiewe aspekte uit die inhoud self van die Nuwe Teologie se uitsprake gehaal kan word, maar dit moet die kerk nie tot 'n geheel en al negatiewe houding bring nie, want daar is iets positiefs uit die kritiek van hierdie mense te haal. Die kritiek van die Nuwe Teologie moet die kerk tot 'n positiewe uitbou van sy eie teologie aanspoor. Die fout wat ons dikwels maak, is om in ons beoordeling van die Nuwe Teologie die mees korrekte ontledings van die gedagtestruktuur van die Nuwe Teologie maak, asook van die gebreke daarvan, maar dan eindig met ons kritiek en afwysing sonder om daarteenoor die volle positiewe antwoord vanuit die Bybel-reforma-

toriese teologie te stel. Die kritiek van die Nuwe Teologie kan moontlik teen werklike leemtes, of dan wel, onduidelikhede in ons teologie gerig word. Die kritiek kom in elk geval uit 'n sekere groei-bodem en agtergrond. Is dit nie miskien so dat ons nagelaat het om positiewe aandag aan daardie agtergrond te gee nie? Waar die Nuwe Teologie ons aandag daarop vestig, moet ons reageer deur werklike aandag daaraan te gee op so 'n wyse dat die agtergronds-faktore waaruit hulle kritiek groei, soos byvoorbeeld die gedagte dat die moderne mens nie meer geloofwaardigheid het aan metafisiese uitsprake oor God nie, sal dien tot 'n prikkel om sodanige faktore opbouend te laat inwerk op ons teologiese antwoord en uitsprake en nie afbrekend soos hulle kritiek bedoel is nie.

Dit is dan nou vanuit hierdie oorwegings dat ons nader wil ingaan op enkele hoofemas, waar ons van mening is dat die kerk wel uiteindelik positiewe vrugte van die kritiek en aanslag van die Nuwe Teologie op die reformatoriese dogmata kan pluk.

A. DIE GODSBEGRIP

Die aanslag op die tradisionele Godsbegrip kan met reg beskou word as die basis waaruit die meeste van die Nuwe Teologie se kritiek teen die hele skopus van die tradisionele geloofsleer gegroei het. Hulle kritiek teen dit wat algemeen aanvaar word as die Godsbegrip van die Bybel, is dat dit niks anders as 'n metafisiese voorstelling is nie. Die woord supra-naturalisties is in dié verband ook baie populêr. 'n Supra-naturalistiese Godsvoorstelling sou in ons dag geheel en al uitgedien wees. J. A. T. Robinson³⁾ is die man wat hierdie kritiek op populêre wyse aan die wêreld van nie-teoloë oorgedra het deur stellings, soos onder andere, dat die voorstelling van God as „the old Man out there” sinneloos geword het. Elke voorstelling wat God verplaas na „out there”, na bo hierdie tasbare wêreld, na buite bereik van die sintuiglike waarneming van die mens, om dit heel eenvoudig te stel: na 'n hemelse geweste, word afgewys as ongeldig en metafisies. Baie kritiek word dan ook uitgespreek op die naïewe wyse waarop die geloof in God in sogenaamde metafisiese begrippe uitgedruk sou word. 'n Baie belangrike element in hulle kritiek is dat die lewens- en wêreldbeskouing van die moderne mens sodanige voorstellinge sinneloos maak. Vanuit sy agtergrond van wetenskap en tegniek sou die moderne mens dan bewustelik of onbewustelik aanvoel en insien dat enige voorstelling wat bo die empiriese werklikheid en die horison van die menslike bestaan uitgaan, onhoudbaar is. Die kritiek loop dan uit op 'n wye veld van opvattinge van die heel radikaalste dat daar geheel en al afgesien word van selfs die woord God⁴⁾ of dat die mensheid eenvoudig

³⁾ Ons verwys slegs na sy boek wat die tonge aan die roer gesit het: *Honest to God*, London 1963.

⁴⁾ So: Thomas J. J. Altizer en William Hamilton, *Radical theology and the death of God*, Indianapolis 1966.

sonder God moet leer lewe omdat hy volwasse geword het,⁵⁾ tot by die opvatting van die groot meerderheid dat die begrip God herinterpreteer word in terme van die menslike bestaan en aardse werklikheid⁶⁾ wat dit dan ook al mag inhou.

Bogenoemde uitsprake van die Nuwe Teologie mag baie sterk afbrekend klink en is ook wel so, maar tog kan die kerk daaruit iets positief haal. Die eerste manier waarop die kerk positief te werk kan gaan, is deur die Nuwe Teologie se kritiek werklik ernstig op te neem en nie sommer so met 'n handveeg af te wys nie. Is dit nie dalk so dat die bestaan van God as 'n God wat bo hierdie wêreld uitgaan, as so 'n vanselfsprekendheid aanvaar is dat daar dalk onversigtige uitsprake oor God gemaak is wat aanleiding kan gee tot die kritiek van die beoefening van metafisika nie? Het ons nie maar net van die begrip van 'n transendente God as 'n gegewenheid uitgegaan sonder om duidelik te omlin wat ons verstaan onder 'n begrip soos transendent, verhewe bo die skepping of woonagtig in die hemel wanneer ons dit met betrekking tot God gebruik?

Hierby sal daar ook ernstige aandag gegee moet word aan die Nuwe Teologie se uitsprake oor die invloed van die lewens- en wêreldbeskouing van die moderne mens in die eeu van wetenskap en tegniek sover dit sy begrip van God raak. In hierdie opsig het hulle 'n saak aangeraak wat nie geïgnoreer kan word nie, want dit is eenvoudig 'n feit dat die geweldige ontwikkeling op die gebied van die wetenskap en tegniek sy stempel op die hele lewe van die mens deeglik afgedruk het. Dit is ook so dat sy godsdiens en beskouinge oor sy godsdiens nie onaangeraak gebly het nie, sodat sekere begrippe wat vroeër vanselfsprekend was, nou in die lig van die wetenskap en tegniek bevraagteken word. So is een van hierdie begrippe die van God wat „daarbo“ is, wat in die hemel woon. Die groot tegnologiese prestasies van die verkenning van die ruimte en die begin van die ruimtevaart-eeu het hiertoe bygedra. Die verwagting is dan al hoe meer dat hoe groot en ontsagwekkend die heelal en sy ruimtes ook al mag wees, een of ander tyd sal hy sy geheime voor die ondersoek en beheersing van die mens moet prysgee.⁷⁾ In so 'n wêreldbeskouing word dit al hoe moeiliker om êrens „daarbo“, êrens in die heelal 'n plekkie vir God en sy hemelse geweste in te ruim. Die lig van die wetenskap en tegnologie dwing baie om aan die voorstelling van God êrens daarbo buite bereik van die mens te twyfel.

Die kerk kan hierdie stand van sake nie verontagsaam nie. Die antwoord lê beslis nie daarin om net afwerend en afwysend op te

⁵⁾ D. Bonnhoeffer, **Widerstand und Ergebung**. Briefe und Aufzeichnungen aus der Haft. Herausgegeben von Eberhard Bethge, München 1970, S.391-397.

⁶⁾ 'n Goeie voorbeeld is: Paul Tillich, **Systematische Theologie Band I**, Stuttgart 1956³, S.193-329.

⁷⁾ G. C. van Niftrik, **De Hemel Over die Ruimtelijkheid van God**, Nijkerk 1968, blz. 15.

tree nie. Wat ons wel te doen staan, is om enersyds aan te toon dat daar by die Bybelse Godsbegrip geen sprake van metafisika is nie en om andersyds die saak van die wêreldbeeld en Bybelse taal, van wetenskapskennis en Bybelse getuïenis so uiteen te sit dat ingesien kan word dat al ons wetenskaplike kennis en ontdekkings nie in die geringste afbreek doen aan die werklikheid van die God waarvan die Heilige Skrif getuig nie.

Dit is duidelik dat ons in die kritiek van die Nuwe Teologie in werklikheid te doen het met 'n poging om God van sy objektiewe werklikheid, van sy bestaan, van sy goddelike teenwoordigheid en werksaamheid te ontnem, want deur God van sy hemel te ontnem, deur sy goddelike verhewenheid weg te neem, deur Hom vanuit sy sfeer bo die aards-menslike werklikheid af te dwing tot die vlak van die gewoon aards-sintuiglike, word die lewende God in die voorstelling van die Nuwe Teologie tot 'n nietigheid, tot 'n niks gemaak.

Die kerk kan hierteenoor alleen maar onvermoeid bely en getuig dat die God wat in die hemel woon, werklik en objektief bestaan en lewend in hierdie wêreld werksaam is. Om dit te kan doen, sal dit nodig wees om presies en noukeurig na te gaan wat die Bybel sê wanneer hy oor God as verwyderd van hierdie wêreld, as behorende tot 'n goddelike dimensie van sy eie, praat. En om verder duidelik aan te toon hoedat die Skrifgetuïenis juis God se verhewenheid bo die aardse, sy transendensie (om dan die woord met sy filosofiese aanklank te gebruik), stel as die enigste sekerheid, ons kan byna sê waarborg, dat Hy werklik en objektief God is sover dit ons mense betref en alleen as sodanig in sy werke geken kan word. So is die getuïenis wat ons moet bring niks anders as die van Jes. 57:15 nie — „Want so sê die Hoë en Verhewene wat in ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogste en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryselfdes“. Dus, as die Hoë en Verhewene, woon Hy by die verbryselde en nederige. Dit is die werklikheid wat die wêreld wat God nie meer wil ken nie, moet hoor.

B. SKRIFUITLEG

Nog 'n element wat by herhaling in die gedagtegang van die Nuwe Teologie voorkom is die geroep na 'n nuwe verstaan en uitleg van die Skrif. As agtergrond vir hierdie oproep dien hulle diepgaande bekommernis dat die moderne mens die Woord van God wél sal verstaan. Byna oral vind ons in een of ander vorm die gedagte dat die Bybel volgens die ou metode van Skrifuitleg en prediking 'n taal wat ontoeganklik is vir die moderne mens spreek. Die Skrif moet dus op 'n gans nuwe manier uitgelê word. So is die metode van die

ontmitologisering voorgestel (Rudolf Bultmann), die korrelasie metode (Paul Tillich) of die „nie-religieuse interpretasie (Dietrich Bonhoeffer) om maar net 'n paar voorbeelde op te noem. Hier blyk dit duidelik dat die probleem van die Nuwe Teologie in 'n groot mate 'n probleem van die verstaan en uitleg van die Bybel is.

Hierop wil ons nie nader ingaan nie, maar net wys op die positiewe vrugte wat die kerk hier kan pluk en ons insiens alreeds gepluk het. Dit is dat die kerk daartoe gedwing word om intensief na te dink oor al die hermeneutiese probleme verbonde aan Skrif-uitleg. Geen ou manier van uitleg kan meer as vanselfsprekend aanvaar word nie. Die probleemstelling van die Nuwe Teologie het dan inderdaad daartoe gelei dat die belangstelling in die hermeneutiek 'n ongekeerde oplewing getoon het. Die kerk het hom waarlik intensief gaan besig hou met die reëls waarvolgens die Skrif uitgelê moet word. Hoe diepgaande die vrae is wat in hierdie verband na vore geroep is, sien ons in 'n artikel soos die van dr. M. de Jonge.⁸⁾ Dit is baie duidelik dat die prikkels ook deurgewerk het na die eie kerklike terrein soos ons, onder andere, sien uit 'n drietal artikels rakende die hermeneutiek van die Ou Testament in een uitgawe van die Hervormde Teologiese Studies.⁹⁾ Op die lang duur kan die debat wel ook baie goeie gevolge vir die verstaan van God se Woord hê.

C. CHRISTOLOGIE

Oor die Christologie van die Nuwe Teologie is al veel geskryf, daarom wil ons hier kort wees. Dit is baie duidelik dat die Nuwe Teologie dieselfde sterk anti-metafisiese tendens (om 'n term van H.M. Kuitert te gebruik) in sy Christologie openbaar as in sy Godsleer. Daar word wegbeweeg van sulke voorstellings soos dat Christus God is wat van die hemel afgekome het, mens geword het, aan die kruis gesterf, opgestaan en ten hemel gevaar het, vanwaar Hy eendag weer sal kom. Ons vermeld hierdie feit omdat ons die aandag wil vestig op dit wat ons van mening is die Nuwe Teologie tot sy sentrale motief maak. Die waardering wat die Nuwe Teologie in sy verskeidenheid van gedagterigtings vir die Persoon en werk van Christus het, kan ons in een saak saamvat. Die belang van Christus word slegs gekonsentreer in die betekenis wat Hy vir die aardse bestaan van die mens het. Jesus se betekenis is eksistensiële

⁸⁾ Die artikel: **Theologie als hermeneutiek** in die bundel: **Revolte in de Theologie**. Een bundel beskouings over de zogenaamde vernieuwingstheologie onder redactie van prof. dr. G.C. Berkouwer en prof. dr. A. S. van der Woude, Nijkerk 1968, blz. 74-89.

⁹⁾ Die volgende artikels in: **Die Hervormde Teologiese Studies**, Jaargang 28, Afl. 1: W. C. van Wyk, **Die verhouding tussen die Ou- en Nuwe Testament in die Hermeneutiek**, bls. 1-8 en J. A. Loader, **Die hantering van motiewe in die Ou Testament**, bls. 9-16 asook A. P. B. Breytenbach, **Die tipologie as metode van uitleg van die Ou Testament**, bls. 17-21.

in die sin dat Hy iets doen of gee aan die menslike eksistensie **sonder om enigsins bo die aardse vlak uit te gaan**. Jesus word tot 'n grootheid wat die mens se lewe verhelder en ophef tot 'n beter aardse bestaan, gemaak. Enkele voorbeelde spreek vanself. Paul Tillich¹⁰⁾ is van mening dat die „New Being“ in Jesus aangebreek het en dat Hy die mens van sy menslike selfvervreemding verlos en die mens tot die soeke na die „New Being“ lei. Paul van Buren waardeur Jesus na die vryheid wat Hy vir die mensheid geleef het.¹¹⁾ In sy boek¹²⁾ maak Carl Michalson Jesus tot die Een wat die historisiteit en sinneloosheid van die bestaan oorwin en die mens dan tot die uitleef van sy historiese verantwoordelikheid vrymaak. J. A. T. Robinson¹³⁾ maak Christus tot die voorbeeld van die „Union in Love“ met die grond van ons bestaan.

Hoe moet die kerk hierdie Christologie wat so sterk eksistensiële op die aardse bestaan van die mens gerig is, beoordeel? Ons insiens moet dit as 'n geleentheid tot selfondersoek aangegryp word. Is dit nie dalk 'n ernstige vraag aan die kerk wat te abstrak in sy spreke oor Christus geword het nie? Word daar nie dalk gevra of die kerk hom so besig gehou het om die leerstelling aangaande Christus tot in die fynste uit te pluus en ook so aan die lidmate oor te dra dat Christus in werklikheid tot 'n ingewikkelde abstrakte begrip gemaak word nie? Word Christus in die eerste plek as 'n dogmatiese leerstelling verkondig of as die Christus wat gekom het om mense in hierdie wêreld uit die mag van die sonde en dood te red? Dit is die vrae wat ons in die Christologie van die Nuwe Teologie moet lees. En in ons antwoord kan ons dan by dit wat juis 'n sleutelmotief in hulle gedagtegang is, aansluit naamlik Jesus se betekenis vir die mens se aardse bestaan, Jesus se eksistensiële waarde. Ons antwoord moet ingeklee word op die patroon van die Heidelbergse Kategismus vrae een en vier en dertig, dit wil sê, dat Jesus die mens in sy aardse ellende van sondeverlorenheid na die liggaam en siel, nou en in die ewigheid wil verlos van die duiwel en sy mag. Dit beteken dat ons sal beklemtoon dat Jesus die Verlosser van die mens in sy ganse bestaan is. Jesus Christus se verlossingswerk omvat die ganse eksistensie (as ons die term mag gebruik) van die mens, na liggaam en siel, op die aarde sowel as in die ewige lewe. Dit is ons positiewe antwoord.

D. KERKBEGRIP

Die kerkbegrip het 'n heel radikale gedaante in die Nuwe Teologie aangeneem. Die kerk word nie meer as die liggaam van Christus gesien nie, maar as 'n gemeenskap van mense wat na

¹⁰⁾ Paul Tillich, *Systematische Theologie Band II*, Stuttgart 1958³, veral S.87-194.

¹¹⁾ Paul van Buren, *The secular meaning of the Gospel*, London 1968, p. 126 ff.

¹²⁾ Carl Michalson, *The rationality of faith. An historical critique of the theological reason*, London 1964.

¹³⁾ *I.c.*, p. 80.

aards-menslike vryheid en die opbou van 'n beter en regverdige wêreldgemeenskap streef. Die roeping en opdrag van die kerk word nie meer as godgegewe en op God gerig gesien nie, maar as 'n saak van die mens op die aardse toekoms van die mens in 'n menslike paradys op aarde gerig. Die gevolg is dat die hele opset van die ekklesiologie in hierdie kringe uit en uit (wêreld-) politics van aard geword het. Hierdie saak is al so volledig in teologiese publikasies uiteengesit dat dit algemene kennis is, daarom brei ons nie hierop uit nie, maar verwys net na artikels uit eie kerklike kring om aan te dui hoe deeglik die saak al bestudeer is.¹⁴⁾

Die klag wat die Nuwe Teologie aan die adres van die kerk wil rig, is heel duidelik. Die gedagte is min of meer dat die kerk al die jare gans te veel eensydiglik as 'n hemelsgerigte gemeenskap gesien is en sy taak en werk alleen gesien het in, betrekking tot God en die hemel, tot so 'n mate dat die aardse lewe en lewensomstandighede van die mens as van geen belang beskou is nie. Die oproep is dan dat die kerk hom baie meer aktief met die bestryding van die onreg in die wêreld, met die honger, armoede en verdrukking van die mens, met sy aardse lot moet besig hou. Die kerk moet meer aards en mensgerig word. Dat die kritiek van die Marxisme-Leninisme in hierdie kritiek 'n goeie woordjie meegesprek het, is seker nie te ontken nie.

Ek is van mening dat die Nuwe Teologie in 'n hele paar opsigte die kerk hier tot positiewe selfondersoek oproep en dat die kerk eintlik nie anders kan as om hom oor sekere sake duidelik uit te spreek nie. Die sake wil ons kortliks soos volg aanstip: —

1. Het die kerk in die verlede genoegsaam getuienis gegee oor die onreg wat in die wêreld gepleeg is — van owerheidsweë, op ekonomiese terrein, op maatskaplike terrein of waar ook al in die aardse lewe? Of het die kerk geswyg waar hy moes spreek? En indien die getuienis wel gelewer moet word — hoe ver moet die getuienis dan gaan? Daarby kom dan nog wat die korrekte manier is om hierdie getuienis te lewer.
2. Hierby sluit die vraag nou aan: tot watter mate is dit die kerk se taak om die dienaar van die mens te wees wat sy aardse lewe betref? Is dit ook die kerk se werk om in diens van die mensheid te staan wat die politiek, die ekonomie en die maatskappy betref? Of moet die kerk hom dalk net besig hou met 'n hemelse koninkryk van God?
3. In sy geheel gesien, is dit my oortuiging dat dit hier om die diakonaat van die kerk gaan. Ons word gevra om te sê wat die diakonaat van die kerk presies is. Hoe moet die barmhartig-

¹⁴⁾ C. J. Mans, *Die wêreldkonferensie van die wêreldraad van kerke*, Hervormde Teologiese Studies, Jrg. 23, afl. 2, bls. 44-62 en: C. J. Mans, *Enkele kritiese opmerkings oor die teologiese grondslae van menseregte en 'n teologie van bevryding*, Hervormde Teologiese Studies, Jrg. 29, Afl. 4, bls. 129-145.

heidsdiens van die kerk gedoen word en waar eindig Christelike barmhartigheidsdiens en begin blote mensediens? Gaan die kerk se diakonaat so ver dat dit hom tot die groot sosiale hervormer van die wêreld maak? Dit is maar enkele van die vrae wat hier na vore kom.

4. Dit is baie duidelik dat die vraag van die verhouding van kerk en staat hier op 'n baie skerp wyse na vore geroep word. Hierdie ou vraag sal opnuut in ons tyd beantwoord moet word — die pogings om die kerk tot uitvoerder van allerlei politieke ideale te maak, maak dit noodsaaklik. Waar lê die terrein van die kerk en waar die terrein van die staat? Die vraag word op 'n heel nuwe manier gevra en vra 'n miskien heel nuwe antwoord.

E. ESKATOLOGIE

Die eskatologie is die deel van die geloofsleer wat in die nuwe strominge in die teologie grootliks lamgelê en van sy ware sin en betekenis ontnem is. 'n Groot deel van die huidige teologiese denke wil 'n toekomsverwachting, gekoppel aan 'n hiernamaals as denkbeeldig afwys en in die plek daarvan 'n verwagting stel wat al die aandag op hierdie wêreld van die mens as die enigste vestig.¹⁵⁾ As daar nog vir 'n eskatologie 'n plek gelaat word, dan word dit so verklaar dat dit 'n verwagting vir hierdie wêreld is en wat uit die mens self voortkom. Paul van Buren¹⁶⁾ stel dit so dat alles gereduseer is tot die menslike, die historiese en die emiperiese waarin dit net gaan oor die lewe van die mens in hierdie wêreld. Dit kom dan daarop neer dat daar geen verwagting van 'n transendente werklikheid van God soos die hemel en die hemelse heerlijkheid kan wees nie.

Die eskatologiese uitsprake van die Nuwe Teologie is heel radikaal, maar juis die sterk radikale inslag daarvan wys die kerk op twee sake wat by die positiewe uitbou van 'n Bybelse eskatologie, van groot belang is. In die eerste plek moet die vraag gevra word of die Nuwe Teologie se radikale uitsprake op die gebied van die eskatologie nie 'n vingerwysing is na 'n gebrek wat daar in die kerk se leer van die laaste dinge was nie. Die gebrek is naamlik dat die kerk die toekoms by God, die dinge soos die hemel en die ewige lewe as so vanselfsprekend aanvaar het, dat daar nie aan gedink is om 'n volledige eskatologie uit te bou nie. Daar is eenvoudig net aanvaar dat ons 'n eindverwachting by God het, maar die eindverwachting is nooit vanuit die Bybel sistematies inhoud gegee nie. Dit is dan opvallend dat ons nêrens in die werke van die Hervormers self 'n „leer van die laaste dinge“ as 'n aparte hoofstuk van die

¹⁵⁾ Carl Michalson, l.c., p. 130-135.

¹⁶⁾ Paul van Buren, l.c., p. 196 f.f.

geloofsleer nie vind.¹⁷⁾ Ten spyte van 'n volle leef uit die verwagting van die toekoms van Christus, was daar by die manne van die Hervorming geen uitgewerkte leer van die laaste dinge nie. Selfs waar hierdie saak in die geloofsbelydenisse as 'n aparte artikel gestel is, vind ons dat daar geen uitgewerkte leerstellings gegee word nie, maar slegs 'n gelowige herhaal en nasprek van tekste en gedeeltes uit die Bybel wat die saak raak, soos byvoorbeeld in artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Het ons hier met 'n ware gebrek in die leer van die kerk te doen of lê die antwoord nie dalk daarin om dinge weer soos die Reformatore te sien nie? Hulle het, hoewel hulle geen uitgewerkte leer van die laaste dinge gehad het nie, tog sterk en kragtig gevoel en beleef dat alles in hulle bestaan, op die groot einddoel van God betrokke was en dan het hulle dit ook in alles in hulle geloofsdinke na vore gebring soos byvoorbeeld Calvyn wat graag en dikwels oor die laaste dinge in sy leerstukke, kommentare en preke spreek.¹⁸⁾

Die tendens in die Nuwe Teologie om die eskatologie elke transendente, hemelse en ewige doel en betekenis te ontnem, het die kerk se aandag op 'n baie belangrike feitlike stand van sake gevestig en het in die sin wel positiewe waarde. Die kerk se aandag is, naamlik daarop gevestig dat daar onder die breë massas van die mense van ons dag 'n groeiende groep mense is wat nie meer uit die verwagting van 'n ewige toekoms leef nie. Dit is 'n mens wat meer geen belang by die toekoms van God het nie, maar wat geheel en al aan hierdie aardse lewe vasgeknoop is en hom net oor die lewe van hier en nou bekommer. Otto Weber¹⁹⁾ noem hierdie mens „der nichteschatologischer mensch“ en skilder hom soos volg:²⁰⁾ sy bestaan is sonder horison en rigting. Hy kan miskien nog op sy verlede terugkyk en daarvan rekenskap gee, maar die ware toekoms bly ontoeganklik en sonder betekenis vir hom. Hy lewe op niks heen sonder om vir die egte toekoms verantwoordings te dra. Hy lewe gevolglik net in die hede sonder 'n deurgangspunt en uitsig op die toekoms daarom is daar ook nie 'n uiteindelijke toekoms om verantwoordings aan te dien nie. Aldus Weber.

Die kerk se aandag is op 'n byna skokkende wyse deur die Nuwe Teologie op hierdie soort mens gevestig. Die kerk moet nou die geleentheid dankbaar aangryp om aan die mens vir wie die geloofslewe, indien nie die hele lewe nie, sinloos en betekenisloos geword het, die blye boodskap van die toekoms van God te bring om so weer rigting en verantwoordelikeid aan sy lewe te gee.

17) A. D. R. Polman, *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis*, Deel vier, Franeker z.j., blz. 308.

18) A. D. R. Polman, a.w., blz. 308.

19) Otto Weber, *Grundlagen der Dogmatik*, Band II, Neukirchen 1962, S.722.

20) Otto Weber, a.a.O., S.721 en 722.

Hy moet met ander woorde van sy vasgevangenskap aan hierdie wêreld losgemaak word en sy blik en verwagting moet weer op die toekoms van God, die hemelse erfenis van die volk van God gerig word.

F. 'N OPROEP TOT 'N BYBELSE ANTROPOLOGIE?

Ons wil afsluit met 'n samevattende blik op die Nuwe Teologie. Dit is baie duidelik dat hierdie teologie net een fokuspunt het²¹) en dan word al sy belangstelling, sy hele gesigsveld op die punt gerig en dit is die mens met sy aards-empiriese wêreld. Dit is 'n teologie waarin al die aandag op die mens gevestig word tot so 'n mate dat God self nie eers ter sprake kom nie. Hierdie stand van sake ruk onmiddellik die antropologie op die voorgrond, want dit is myns insiens duidelik dat hulle mensbeskouing die verteenwoordigers van die Nuwe Teologie in die uitbou van hulle teologie tot 'n groot mate lei en voorskryf. Die mensbeskouing bepaal die inhoud wat hulle aan die evangelie wil gee.²²) Ook hier word die kerk tot positiewe aksie geroep, naamlik om die Bybelse beskouing van die mens te stel. Die Bybelse leer oor die mens is miskien in ons dag van veel groter belang as wat ons aanvaar. Die plek en beeld wat die Bybel van die mens gee, kan 'n belangrike sleutel in die kerk se antwoord op die strominge van ons tyd wees, want per slot van rekening is dit aan die mens van ons dag dat die kerk sy boodskap moet bring en daarvoor is seker ook nodig dat dié mens sal weet wie hy voor God is en watter plek hy daar inneem.

²¹) Vir 'n breë uiteensetting sien: D. J. Smith, *Die aktualiteit van Nicea*, Hervormde Teologiese Studies, Jrg. 32, Afl. 1 en 2, veral bls. 44.

²²) F. J. van Zyl, *Die Reformatoriese verkondiging en hedendaagse mensbeskouing*, Hervormde Teologiese Studies, Jrg. 23, Afl. 3, op bls. 114 v. word die saak aangeraak.